



CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

Pinkster 2018

**Op weg met die Gees:
Van Babel na Jerusalem ... na Kaapstad**

Onderwerpe

Dag 1: Grond is God se eiendom (Esegiël 33:23–33)

Dag 2: 'n Woord vir die verwaarloosde kleintjies: God bring omvattende vrede (Esegiël 34:10, 25–31)

Dag 3: As die berge verneder word (Esegiël 36:1–15)

Dag 4: 'n Nuwe hart en gees vir die mens (Esegiël 36:16–38)

Dag 5: Dooie bene kry nuwe lewe (Esegiël 37:1–14)

Dag 6: 'n Stroom van lewe (Esegiël 47:1–12)

Dag 7: Babilon en die Bruid (Openbaring 18:1–17)

Dag 8: Die Lam se bruilof: Vreugde in die hemel en op aarde (Openbaring 19:1–10)

Dag 9: Die Lam se bruid: Die nuwe Jerusalem (Openbaring 21:1–11; 22:1/Esegiël 48:35b)

Dag 10: Die Gees en die bruid: Jerusalem se boom van die lewe (Openbaring 22:1–17)

Iets oor die medewerkers

Gustav Claassen (*Dr*) is die Algemene Sekretaris van die NG Kerk en lid van die Algemene Sinode se Taakspan vir Ekologie.

Fay van Eeden (*Ds*) is leraar by NG gemeente Lynwood, Pretoria en Voorsitter van die NG Kerk se Algemene Sinode se Taakspan vir Ekologie.

Anton Doyer (*Ds*) is 'n emeritusleraar en lidmaat van NG gemeente Lydenburg-Suid. Sy bediening het in die destydse NG Sendingkerk afgeskop, waar hy reeds 'n sterk aanvoeling vir die omgewing en ekoteologie ontwikkel het. Verder is hy en sy vrou sedert die begin aktiewe lede van die Oostelike Sinode se Eko-diensgroep – en hy

dien ook vir die laaste drie jaar op die Eko-taakspan van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

Kuzipa Nalwamba (Dr) is 'n geordende leraar van die United Church of Zambia. Sy woon in Pretoria en is 'n navorsingsgenoot van die Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.

Lydia Juliana-Jones (Ds) is 'n afgetrede leraar van die Anglikaanse kerk wat op Darling woon.

Nadia Marais (Dr) is dosent in sistematiese teologie aan die Fakulteit Teologie aan Stellenbosch en lid van beide die Taakspan vir Ekologie van die Algemene Sinode van die NG Kerk en die Projekspan Ekologie van die gesamentlike Getuienisaksie-bediening van die NGK Weskaap en VGK Kaapland.

Juanita Greyvenstein (Ds) is die leraar van die NG Kerk van Pinelands en lid van die Projekspan vir Ekologie van die gesamentlike Getuienisaksie-bediening van die NGK Weskaap en die VGK Kaapland.

Ernst Conradie (Prof) is senior professor in die Fakulteit Godsdiens en Teologie aan die Universiteit van Weskaapland.

Rachel Mash (Dr) is Omgewingskoördineerder van die Anglikaanse Kerk in Suidelike Afrika.

David Botha (Ds) is voorsitter van die Gesamentlike Getuienisbediening van die NG Kerk Wes-Kaap en die VGKSA Kaapland se Projekspan vir Ekologie.

Ons het groot waardering vir al ons medewerkers wat saamgewerk het om die oordenkings beskikbaar te maak. Amanda Carstens en Danny Fourie van Christelike Lekturfonds het baie gehelp om die reeks elektronies gereed te kry. Nogmaals dankie aan almal.

Mag Pinkster in julle gemeente geseënd wees en mag die Heilige Gees ons help om die heerlike vryheid wat Christus aan ons geskenk het uit te leef, sodat die wêreld kan glo dat Christus leef.

Eddie Orsmond en Donald Gantana

(Namens die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis & Die Seisoen vir Menswaardigheid).

Inleiding

Vanjaar se Pinksterreeks fokus op die Heilige Gees se betrokkenheid by God se skepping – veral as die Her-skepper. Die Skrifgedeeltes wat elke dag die oordenkings rig kom uit Esegïel en Openbaring. Albei dié Bybelboeke maak duidelik dat die welsyn van die skepping en van die mens onskeibaar verweef is. Die manier waarop mense lewe, het implikasies vir die skepping. Wat met die skepping gebeur, het implikasies vir die mens. Die land (grond) staan in Esegïel sentraal. Juda se welsyn en die welsyn van die land het alles met mekaar te doen. Juda leer deur die ballingskap dat die mens nooit grond kan besit nie. 'n Mens kan die grond as die baarmoeder vir aardse lewe verloor. Die grond kan onvriendelik raak en die mense "opvreet" en "afskud" (36:14). Dit staan in skrilte kontras met Genesis se tuin van Eden.

Esegiël help ons ook sien dat God se herstelplan 'n plan van vrede is, waarin die verhouding tussen die mens en die skepping herstel is. God voorsien en bewerk totale en omvattende vrede. Dit is 'n vrede wat tot stand kom omdat die mens nuut gemaak is en die skepping die mens nie meer "opvreet" en "afskud" nie, maar die mens verwelkom en koester.

Johannes se visioen in Openbaring sluit by Esegiël se herstelplan aan en neem dit tot by sy hoogtepunt. Babel, as stad, verteenwoordig 'n lewenswyse waarin vrede onmoontlik is. Dit is 'n lewenswyse waarin die mens in die sentrum is met 'n ekonomiese sisteem wat op vernietiging afstuur. Babel sal weer gebore word om plek te maak vir Jerusalem (die stad van vrede). Johannes sien en beskryf hierdie stad as 'n plek waarin God in die sentrum is. Dit is 'n stad (huis/woonplek) waarin versoening totaal en volmaak is. In die nuwe stad, Jerusalem, het volmaakte vrede uiteindelik opgedaag. God se herstelplan, sê Esegiël 37:14, is die werk van God se Gees: "Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon."

Esegiël en Openbaring vertel vir ons waarheen God met God se skepping op pad is, naamlik vanaf Babel (chaos) na Jerusalem (vrede). Ons word genooi om ons lewes oor te gee aan die Gees wat lewe gee uit die dood en ons medewerkers maak in God se herstelplan. Die nuwe Jerusalem (hemel) is nie God se "ontruimingsplan" vir die mens om ons van planeet aarde wat gedoem is tot vernietiging te red nie. Jerusalem is die stad waarin hemel en aarde met mekaar versoen is. Christene word nie net deur die Gees geroep om saam met God te droom vir vrede nie, maar om daadwerklik in die konteks en omgewing waarin ons leef en werk hierdie vrede te help waar maak. Daarom is ons tema "Op Weg met die Gees: Van Babel na Jerusalem ... na Kaapstad." Kaapstad is simbolies vir elke plek waar daar mense woon op die aarde. Kaapstad moet die nuwe Jerusalem word! Dit sal net gebeur as ons die Gees van God toelaat om van ons elkeen God se woonplek te maak (Op 21:3).

Die reeks is beplan en versorg deur lede van die Projekspan vir Ekologie van die Getuienisaksie Bediening van die VGKSA Kaapland en NGK Wes-Kaap in samewerking met medewerkers uit die Anglikaanse Kerk en een medewerker uit die United Church of Zambia. Die Projekspan vir Ekologie is reeds sedert 2013 in 'n hegte vennootskap met die Anglikaanse kerk. Ons vertrou dat die Heilige Gees deur die verskeidenheid van deelnemers ons ook iets sal laat beleef van die eenheid in verskeidenheid van Pinkster.

David P Botha

Dag 1: Grond is God se eiendom

Esegiël 33:21–33

Gustav Claassen

Die grond is heilig en in 'n krisis

Die gevierde skrywer en filosoof Alan Paton het gesê: "Die grond is heilig. Dit kom immers van die Skepper self. Onderhou dit. Beskerm dit. Sorg daarvoor want dit onderhou die mens, beskerm die mens, sorg vir die mens. Vernietig die grond, en jy vernietig die mens."

Die laaste woorde van die aanhaling klink byna soos 'n Bybelteks wat wil waarsku teen 'n naderende ramp en krisis. Inderdaad sit die mensdom met 'n krisis op hande. Dit neem byvoorbeeld vir grond duisende jare om uit die moedergesteente te vorm – 10 mm grond neem tussen 100 en 1,000 jaar om deur die natuurlike proses van verwerking te vorm. Deur wind en weer, gletsers en water ontstaan grond, wat bestaan moontlik maak. Wat nodig is vir lewe kom uit die grond. Die vernietiging van grond is een van die mens se groot uitdagings. Kosbare bogrond gaan elke jaar verlore, sowat 75 miljard ton. Dit kan in die toekoms 'n geweldige impak op voedselsekuriteit hê.

Die fyn wisselwerking tussen grond, water en atmosfeer maak dat 'n ramp onafwendbaar is as ons nie met meer respek daarmee omgaan nie. Die belangrikheid van grond gaan verder as om voedselsekuriteit te verseker. In die mistieke tradisie van die kerk is daar die gebruik om na te dink oor die vier elemente van die natuur: vuur, water, wind en grond. Thomas Merton was oortuig die natuur is 'n noodsaaklike spirituele leermeester. Die Bybel is vol van die intieme verband, nie net tussen mense en hulle grond nie, maar ook tussen God en die aarde. Die aarde en die volheid daarvan behoort aan die Here. Die mens se aanspraak op grond is dikwels vanselfsprekend, ons vergeet dit behoort aan God. Grond word deur God geskenk. Die regte benutting en versorging van grond is 'n groot verantwoordelikheid.

'n Onlosmaaklike verband

In die Bybel is die grond en status van Israel onlosmaaklik met mekaar vervleg. God se verbond met Israel staan nie los van die volk se verhouding met grond nie. Die grond is God se eiendom (Ps 24:1). Hy is die Gewer daarvan. Omdat God wat die land gegee het, God van die verbond is, hang die verbondsvoorskrifte ten nouste saam met Israel se verhouding met grond. Indien die volk nie by die verbondsvoorskrifte hou nie, het dit ook implikasies vir hulle verhouding met die grond. As Israel nie gehoorsaam is en die verbond nakom nie, verloor hulle die voordeel van grondgebruik, verloor hulle die opbrengs van die land in terme van oeste en weiding, verloor hulle verblyfreg. Besit van grond en dit wat die land oplewer, is 'n teken van God se goedheid. Ons lees byvoorbeeld in Jesaja van Juda se rebellie wat sal lei tot verlies van vrugbare grond; dorings en onkruid sal wingerde inneem;

brande sal alles verwoes en oeste sal verlore gaan.

Ons Skrifdeel maak die val van Jerusalem bekend (33:21–22). Dit was 'n katastrofiese gebeurtenis in die geskiedenis van die verbondsvolk. Die val van Jerusalem het 'n diepgaande impak op die totaliteit van die ekologie, mens, plant en dier gehad. Duisende mense het gedurende die gevegte deur hongersnood of siekte omgekóm. Stede en landerye is geplunder en afgebrand. Die tempel is vernietig en dié wat agtergebly het, het armsalig tussen puin hope gewoon. Die land het 'n woestyn en wildernis geword. Wat vroeër voorspel is deur Jesaja en Esegïel, het inderdaad gebeur.

Die ballinge worstel hier met allerlei vroe oor die slegte situasie waarin hulle verkeer. Esegïel antwoord dat hulle verhouding met God gelei het tot dié situasie waarin die volk is. Die profeet beklemtoon die totale heerskappy van die sonde in elke faset van Israel se lewe. Jerusalem se val kan nie aan slegs 'n enkele oortreding of die sonde van een geslag of groep toegeskryf word nie. Die oorsaak is 'n diep onvermoë en weerstand van Israel om Jahwe se wil te volvoer. Elke segment van Israel se lewe en elke tydperk van hulle geskiedenis is deur ontrou en ongehoorsaamheid gekenmerk. Dit het tot gevolg gehad dat mens en omgewing skade gely het.

Menslike vermetelheid

Ten spyte van die val van die stad en die katastrofe van alles wat in woesteny ontaard het, het die volk nog die vermetelheid volgens ons Skrifgedeelte om te dink hulle 'n reg op die land het. Hulle sê immers: Abraham was maar een en hy het die land besit. Hoekom kan ons wat baie meer is nie dieselfde doen nie? Hulle is ongeneeslike optimiste. In antwoord op hul aanspraak sê die Here deur Esegïel, dat waarheen hulle ook al sal gaan, hulle meedoënloos deur God gevolg en uitgewis sal word. Die land sal verwoes word en hulle sal weet dat Hy die Here is.

Die ballinge het na Esegïel geluister, maar het hom nie ernstig geneem nie. Die teks sê die profeet is soos 'n pragtige liedjie waarna mense luister, maar dit het geen blywende impak op hul lewes nie. Eers wanneer hulle sien dat al die dinge wat Esegïel geprofeteer het, waar word, sal hulle weet dat 'n profeet in hulle midde is. Dié laaste belofte is sewe jaar tevore aan Esegïel gegee toe God hom as profeet.

Die laaste deel van ons teksvers is belangrik. Dit eindig voor die oordeel teen die herders van Israel wat net aan hulle self dink. Teenoor die slegte herders sal God self die rol van 'n goeie herder speel wat na sy eie sal omsien. Dit is deel van die wentelpunt in die boek Esegïel. Die boodskap begin oorgaan van oordeel na verlossing en heil. Die ballinge sal terugkeer na hulle land toe; die land sal herstel word; ongediertes sal nie meer 'n gevaar wees nie; die land sal weer vrugbaar wees en opbrengste lewer.

Die welsyn van die skepping

Ons Skrifgedeelte maak duidelik dat die welsyn van die skepping en die welsyn van die mensdom onskiedbaar is. Hoe mense lewe, het 'n direkte impak op die skepping en wat met die skepping gebeur. Grond staan sentraal in die boodskap van Esegïel.

Daar is 'n sterk verband tussen die welsyn van Juda as nasie, en die welstand van die land. Deur sy ervaring van ballingskap leer Juda dat die mens nooit grond as eiendom besit nie. Hulle ontdek dat die mens die geleentheid kan verloor om 'n stuk land "myne" te noem.

Die grond is altyd God se eiendom. Wie dit nie verstaan nie, is arm in kennis van God en die lewe. My nadenke oor grond bring my tot verwondering en aanbidding van God. Grond leer my afhanklikheid van God. Grond leer my van lewe en dood – saad wat in die grond ontkiem en nuwe lewe voortbring. Grond bied my 'n tuiste en bakens. Grond is die plekke waaraan die verhale van ons gemeenskappe koppel. Dit gee aan ons identiteit. Ons leef saam met die grond. Dit was vóór ons daar en sal ná ons steeds daar wees. Ons staan nie in die sentrum van die werklikheid nie. Ons is 'n klein deeltjie van 'n ryk aardgemeenskap. In geloofstaal: die aarde behoort aan die Here, nie aan ons nie (vgl. vers 29). Dit laat my anders oor grond dink en dit laat my anders optree en doen, want ek is altyd op heilige grond.

Gebedstemas

- **Dank God vir sy vertrouwe in die mens om sy medewerkers te wees in die skepping.**
- **Bely ons menslike vermetelheid wat bydra tot die spanning in die natuur en omgewing.**
- **Bid vir toewyding en erns om die welsyn van die skepping te verseker.**

**Dag 2: 'n Woord vir die verwaarloosde kleintjies:
God bring omvattende vrede**

Esegiël 34:10, 25–31

Fay van Eeden

'n Droomwêreld ...

As mense haai was sou hulle beslis vriendeliker teenoor die kleiner vissies wees. Hulle sou houers onder die see bou waarin lekker vars water is. Om die vissies nie droefgeestig te laat word nie, sou waterfeeste gehou word – vrolike vissies smaak immers lekkerder as depressiewes! Daar sou skole wees waarin die klein vissies geleer word hoe om in die kake van die haai in te swem. Hulle sou natuurlik ook moreel opgevoed word dat dit mooi is om jou vrolik op te offer en dat jy die haai altyd moet glo as hulle sê hulle sorg vir 'n mooi toekoms. Die visse sou verder geleer word om oorlog te voer. Hulle sou geleer word dat ander klein vissies radikaal van hulle verskil en dat hulle hulle daarom moet doodmaak. Daar sou ook kuns wees: haakake sou in die allermooiste kleure uitgebeeld word asof dit 'n lushof is.

As die haai mense was, sou daar natuurlik godsdiens wees: hulle sou geleer word dat die vissie eers in die buik van die haai regtig begin leef. Verder sou dinge ophou wees soos tans, naamlik dat alle vissies gelyk is. Sommige vissies sou immers amptenare word wat oor die ander kon heers en dié wat 'n bietjie groter is, kan die ander vissies na hartelus vreet. So sou die haai soms 'n groter hap vis kon kry. Daarby hoef die haai nooit bekommerd te wees oor orde onder die vissies nie, want die groter vissies sal die kleiner vissies in toom hou. Kortom, daar sou eers sprake van kultuur onder die see wees, indien haai mense was!

'n Voorstelling van Esegiël se bedieningskonteks

In 'n sekere sin beskryf Bertolt Brecht se satire op die samelewing “Wenn die Haifische Menschen wären” (As die haai mense was), die konteks van Esegiël 34 baie goed. In die eerste deel van Esegiël 34 kla Jahwe die volk se herders (sy politieke en godsdienstige leiers) aan omdat hulle hul verantwoordelikheid tot liefdevolle sorg en leiding nie net nalaat nie, maar inkeer tot selfsug en selfverryking. Jahwe het dit egter nie net teen die volk se herders nie, maar ook teen die skape. Die tweede deel van Esegiël 34 fokus op die verhouding tussen die skape onderling. Dit is nie net die herders wat die skape soos wolwe vreet nie, dit is nou die skape wat mekaar soos roofdiere vreet. Die sterkes onderdruk die swakkes en weerhou hulle van 'n regmatige aandeel in die weiveld: “Party van julle het die beste gras afgewei en boonop wat oorgebly het, vertrap. Julle het skoon water gedrink en wat oorgebly het, vuil gemaak...”(18). Die uiteinde hiervan, sê Jahwe, is dat die vettes nog vetter word en die maeres net nog meer uitteer.

'n Spieëlbeeld vir 2018

'n Mens sou kon dink dat die profeet die woorde van Esegiël 34 in 2018 skryf. Nes die

herders van Juda laat baie hedendaagse leiers ook dié waarvoor hulle verantwoordelik is in die steek. Plakkate dra beloftes dat die herders sal sorg vir 'n mooi toekoms, maar koerantopskrifte berig oor selfgesentreerdheid en selfverryking. Die skape karnuffel mekaar ook. Sterkes buit swakkes uit en weerhou hulle van 'n aandeel in die weiveld. Die ongelyke verspreiding van hulpbronne verseker dat die vettes nog vetter word en die maeres nog maerder. Die herders en skape pas ook nie die weiveld, wat hulle huis is, op nie. Ons wêreld se natuurskoon word bedreig en minerale hulpbronne geplunder ter verryking van 'n handjievol herders – en die maerste van maerste skape ly daaronder.

'n Profetiese woord in 'n donker tyd

In hierdie donker tyd van Juda se geskiedenis kom die profeet met die verrassende belofte: God sal self sy skape oppas en hulle terugneem na hul land toe. Hy sal self vrede tot stand bring. Hy sal sorg vir ekonomiese voorspoed en politieke rus: genoeg om te eet, geen bedreiging en geen gevaar nie. Daar sal vrede wees en die skape sal ervaar Hy is naby hulle. Hierdie belofte is uiteindelik vervul met Juda se terugkeer na Jerusalem en in leiers wat die volk in geregtigheid gelei het. Die belofte is finaal vervul in die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape afgelê het. Met Christus se kruisdood bring Hy vrede tussen ons en God en tussen mense onderling. Hy stuur ook sy Gees om in ons te woon en ons nuut te maak. Die Gees kom as Herder vir ons nuwe harte gee wat God wil dien en die belange van ander wil soek. Hy kom maak ons vry van selfsug.

En tog, nie volle vrede nie

Tog beleef ons nie vandag die volle vrede waarvan Esegïël 34 praat nie. Hoe kan ons die belofte van Esegïël 34 verstaan? Miskien is die beste wat ons kan doen om te kies vir vrede; te kies om kanale te wees van die vrede wat Christus reeds bewerk het. Om gestalte te gee aan hierdie vrede in die politiek en ekonomie; in persoonlike verhoudings teenoor mekaar en tussen groepe; in die kerk en in die samelewing. Ons kan kies om ons te beywer vir sosiale geregtigheid in ons gemeenskappe en die versorging en beskerming van die skepping. God is die een wat vrede bring.

Daarom is daar nie in Esegïël 34 'n opdrag nie, maar wel 'n uitnodiging om 'n leipyp van God se vrede en die Gees se vernuwingswerk te wees. 'n Leipyp wat druppels van hierdie vrede, wat God in die toekoms ten volle sal bring, vir ons land en sy mense te gee.

Gebedstemas

- Bid vir 'n visie op God se wil en doel vir die skepping.
- Bid dat God ons oë sal gee om te sien hoe ons wêreld lyk en hoe ons daartoe bydra.
- Bid vir bereidheid om kanale te wees van God se sorg en vrede in ons geknelde wêreld.

Dag 3: As die berge verneder word
Esegiël 36:1–15 (Fokusteks: vers 9)
Anton Doyer

Menslike grypsug en God se sorg

Grypsug is eie aan die mens en bring doodsheid en vervreemding. God sien genesend om na sy skepping. God se sorg laat die skepping floreer

Inleidend

Dis bloot menslik om in donker tye te wroeg oor die “hoekoms” en “waaroms” van die lewe, en daarmee saam ook te wonder waar God dan is. Moontlik bevind jy en jou mense julle nou in so ’n situasie.

Ons is almal bewus van en besorg oor die toestand van ons land, sy mense en die natuurlike hulpbronne. Komende uit 'n apartheidsbedeling het ons opgewonde gehoop en geglo dat 'n tydperk van voorspoed, versoening en geregtigheid sou aanbreek. Met ontsteltenis en hartseer moes ons aanskou hoe magsmisbruik soos blyk uit die plundering van die staatskas, die vernieling van die omgewing, selfverryking en korrupsie steeds voortwoed. Die hoekom- en waaromvrae bly by gelowiges spook.

Die profeet Esegiël in 'n donker tyd

Esegiël, 'n balling tussen ballinge, bevind hom ten tye van sy profetiese bediening in 'n donker tyd. Onder leiding van Nebukadneser het die Babiloniese supermoondheid Jerusalem ingeneem en die leierskorps van Juda, insluitende koning Jojagin en die priester-profeet Esegiël na Babilon weggevoer. Die diepte van die volk se vernedering, ontredding en lyding is kwalik te bedink. Psalm 137:1–6 verwoord iets daarvan. (*Laat iemand dit lees.*)

Ons ken hierdie raaiselagtige seun van Busi nie goed nie, maar weet dat hy sy oor naby aan die Here se mond hou en sy mond by die oor van sy volk. Sy naam beteken “God versterk”.

in Eerste vraag aan die profeet

Juda (en ons) se kwelvrae dring ons om met Esegiël in gesprek te tree: “Esegiël, hoe gebeur dat dit dat ons, synde die uitverkorenes van God, ons in hierdie predikament bevind?”

Die profeet roep die verbondsvolk op om na God te luister: “Gee aandag en luister mooi, my volk: Wanneer die mens respek kwytraak, oor ander begin baasspeel en vir homself soveel moontlik probeer inpalm, hou dit noodwendig vernietigende konsekwensies in. Die spreekwoord lui, “wat jy saai, sal jy maai”. Hierdie waarheid geld vir een en almal; nie alleen vir die vyande van Israel nie, maar ook vir julleself. Moenie vergeet nie dat ek vir julle gesê het dat as julle die ramshoring hoor, maar nie ag slaan daarop nie, julle dan verantwoordelik is vir julle eie dood” (Eseg 33:4).

Die eerste antwoord op julle hoekomvraag, is dat die mens se onbeteuelde grypsug na mag en rykdom aan die wortel van die probleem lê.

Die gevolg van menslike grypsug

Die profeet het ook wysheid oor die gevolge van die mens se grypsug: “Die gevolge van dié menslike geneigdheid, my kinders, is skrikwekkend en vir almal om te sien: bespotting en vernedering van mense wat misbruik word asof hulle die besittings van die maghebbers is; plundering en verwoesting van ander se eiendom totdat daarvan net puin hope oorbly, en les bes; minagting en toeëiening van die omgewing vir hulleself om daarmee te doen wat hulle wil.”

Dis vanselfsprekend dat hierdie gesindheid en optrede 'n vernietigende impak op verhoudings het. Die beste beskrywing daarvoor is “vervreemding” van jou naaste – jy maak van hulle vyande wat jou met wrokkigheid en afguns bejeën; van die omgewing wat kaal, onvrugbaar en leweloos gelaat word, nie in staat om lewensmiddele te voorsien nie; van jouself wat met selfverwyt en 'n knaende skuldgevoel probeer om 'n menswaardige lewe te maak, en; van God wat in gloeiende woede kennis neem van jou uiters selfsugtige en gevoellose optrede.

“Verstaan julle nou waarom in ons mooi land die gaping tussen ryk en arm van die heel grootste in die wêreld is?”, sou Esegïël aan ons wou vra. Dit verklaar waarom ongeveer 60 persent van die ekosisteme (die natuurlike prosesse waarvan ons vir ons bestaan afhanklik is) al verby die punt van herstel beskadig is. Dit gee insig in waarom besoedeling van die grond, water en lug besig is om ons planeet in 'n giftige ashoop verander; waarom al meer spesies uitgewis word; klimaatsverandering 'n al groter werklikheid word, gepaard met verspoelings, droogtes, brande en ekstreme temperature. Dit lê 'n klag oor ons aandeel in waarom ons nageslag 'n al donkerder toekoms tegemoet gaan.

Verbaas dit julle dan dat God 'n onbehae het in ons verbete gestoei vir selfverryking, korrupte praktyke, magsmisbruik, ongevoeligheid oor die lot van ons naaste en die welsyn van sy kosbare skepping? Die spoor van verwoesting wat ons nalaat, laat mens dink aan boelies soos die farao van ouds. Geen wonder nie dat 'n geskiedskrywer die mens as 'n reeksmoordenaar bestempel soos wat dit blyk uit sy omgang met die natuur en mekaar.

Esegïël se woorde tref diep en skep hoop

“Eina! Esegïël, jou woorde is troosteloos en hard, maar ja, so waar.” Dit bring ons by 'n volgende vraag: Waar vind ons God in hierdie droewige prent? “Help ons asseblief hiermee, seun van Busi. Die antwoord daarop is bepalend vir ons lewensingesteldheid en lewenskoers vorentoe.”

Hoor die vertroostende woord van die profeet, ten spyte van alles: “Liewe kinders van God, ek het gerusstellende nuus vir julle! Die Here is gans anders as die mens. Kyk in julle gedagtes na die berge, heuwels, klowe en valleie van julle tuisland en hoor dan as Hy belowe: ‘Ek sal na julle omsien en vir julle sorg: julle sal bewerk en beplant word.’”

Natuurlik is God ontsteld en hartseer oor die minagting, gevoelloosheid, uitbuiting, selfsug en gierigheid wat ons aanrig. God se beloftes bevat die herhalende refrein, "Ek sal sorg". God se belofte van sorg en genadige ingryping laat ontvou 'n totaal ander tafereel, waarin die skepping floreer; plant en dier en mens deel daarin. Daar word bewerk en geplant, bome dra oorfloedige vrug, dier en mens vermeerder, puinhope word herbou, stede bewoon, al die bewoners van die land word beskerm teen verkleining en bedreiging. Dit is 'n toneel van her-skepping.

Die seën van God se genesende teenwoordigheid kan moeilik in woorde beskryf word. Die woorde "floreer" of "gedy" druk tog iets daarvan uit en herinner aan die tuin van Eden in die skeppingsverhaal. Maar wanneer begin God se omkeer?

Ons dankbare reaksie in die lig van Pinkster

Duisend dankies, God versterk die gelowige mens. Nou kan ons God as dankbare en begenadigde mense gaan dien.

Pinkster herinner God se kinders, die kerk van Christus, aan God se nuwe begin met sy skepping. Pinkster is die vervulling van God se heerlike belofte om die hart van klip uit ons uit te haal en sy Gees in ons te gee.

Met hierdie nuwe hart deur die Gees omvorm, kan ons as God se verteenwoordigers die prent gaan inkleur, die omgewing seën, deur soos God om te sien en te sorg dat sy skepping in alle opsigte floreer. Dit is 'n voorreg en heerlike roeping om die nuwe spoor van God se Seun, ons Here en Versorger, te trap; een van agting, onselfsugtigheid, versoening en geregtigheid!

Amen

Gebedstemas

- **Bid vir leierskap op alle vlakke, diens- en welsynsinstitusies, natuurbewaringsagentskappe.**
- **Bid vir die aarde wat sug na koestering en verlossing uit sy pyn.**
- **Dank God vir positiewe wendings op leierskapsvlak, nasionaal en plaaslik.**
- **Dank God wat sy Gees aan ons gegee het en ons roep om sy versorgingswerk voort te sit.**

Dag 4: 'n Nuwe hart en gees vir die mens

Esegiël 36: 16-38
Kuzipa Nalwamba

Inleiding

In die lig van die heersende droogte en waterkrisis, het geloofsgemeenskappe in Kaapstad 'n oproep tot gebed gedoen. Tradisionele gemeenskappe, insluitend Afrika gemeenskappe, het eweneens selfondersoek gedoen om te probeer vasstel watter optrede tot hierdie natuurlike wanbalans gelei het. Die wêreldwye ekologiese krisis herinner ons aan die intieme verbinding tussen mens en die skepping. Pinkster herinner ons aan God se gawe van sy Gees, die oorsprong van lewe, wat die interafhanklike verhoudings binne sy natuurryk in stand hou.

Esegiël 36 skets 'n duidelike beeld van die verkillende verhoudings binne God se skepping. Berge, heuwels, klowe, valleie en verlate dorpe is hier die ontvangers van profesie. God is die jaloerse Skepper, Beskermer en Eenaar. Verse 16 tot 38 is aan die Israelitiese bannelinge gerig. Hierdie gedeelte noem hulle sondes by die naam, roep hulle tot verootmoediging en herinner hulle aan die skepping se mandaat om God se glorie bekend te maak. Met hierdie skrifgedeelte in gedagte gaan ons die volgende drie temas oordink: Israel se sonde; Implikasies vir sending en; 'n nuwe ekologiese hart.

'n Verontreinigde land: Israel se sonde is ook ons sonde (16-21)

Esegiël beskuldig die Israeliete daarvan dat hulle die land geskend en verontreinig het "deur hulle optrede en gedrag" (16). Hulle het die land verontreinig deurdat hulle bloed vergiet en afgodery beoefen het. Hierdie onetiese gedrag teenoor hulle land veroorsaak dat God hulle uit die land verban. In 597 v.C. val Nebukadneser Jerusalem binne en lei Israel as gevangenis weg na Babel. Deurdat hulle die land ontheilig het, het hulle daarmee saam God se naam¹ in oneer gebring onder die nasies (20-21). Dit het daartoe gelei dat God se verbond met "al die lewende wesens", (Gen. 9:9-10) sy waarborg vir lewe op aarde, geskend is.

Die natuur is deur Israel se oorlog en gierigheid (afgodery) aan menslike geweld uitgelewer. Hierdie miskenning van die natuur se regte is terselfdertyd 'n skending van God se naam en eer. Die Christendom se tradisionele siening van die mens as die sentrale fokuspunt binne die skepping, skep omstandighede wat bevorderlik is vir die vernietiging van die natuur. 'n Meer veelomvattende beeld van die skepping beteken eerder dat alles hulle oorsprong en identiteit in God as Eenaar en Skepper vind. Ons moet onself dus afvra wat ons motivering vir die bewaring van die natuur is. Is dit tot ons eie voordeel, tot voordeel van die natuur of om God te verheerlik?

¹ In Hebreeus is 'n naam nie bloot 'n etiket nie, maar dui dit op die wese van die persoon.

Die aarde behoort aan die Here (Ps. 24). Indien ons toelaat dat hierdie teologiese waarheid ons gedagtes en aksies rig, erken en respekteer ons die natuur allereers as God se skepping en eiendom. Indien ons die Skepper eer, sal ons gevolglik ook sy skepping respekteer. Ons sal die aarde bewerk, beplant en die opbrengs oes, terwyl ons die natuur terselfdertyd toelaat om te floreer.

'n Verontreinigde land: Implikasies vir sending (22-23; 34-38)

Israel is deur die ballingskap verneder en in skaamte gedompel. Daarmee saam moes hulle nou tussen mense woon wat van God se naam 'n bespotting maak (22-23). God neem die inisiatief in Israel se herstelproses, maar nie ter wille van Israel nie. God se dieper bedoeling is, in Esegïel se woorde, "om sy heilige naam te laat blyk onder nasies wat dit in oneer gebring het". Sy doel is: "Wanneer Ek my heiligheid laat blyk, sal julle weet dat Ek die Here is" (23). God se doel met die behoud en verlossing van die natuur (insluitend die mens) is om 'n kosmiese tempel op te rig, sodat God in die skepping teenwoordig kan wees en sy roem en heerlikheid onder die nasies verkondig sal word.

Indien God se roem en heerlikheid vir ons belangrik is, sal die uitbuiting van die natuur ons dwars in die krop steek. In stede daarvan sal ons die natuur laat floreer en streef na ekonomiese, wetenskaplike en tegnologiese groei wat nie 'n negatiewe of destruktiewe impak op ons natuurlike hulpbronne het nie. Eerder as om die natuur uit te buit, sal ons aktief bou aan die verhouding tussen die natuur en die mens. Ons sal maniere soek om die natuur te koester en daarvoor te sorg. Ons sal versigtig met ons hulpbronne omgaan, eerder as om dit op oordadige en amper gewelddadige wyse uit te buit.

Hierdie gesindheid teenoor die skepping maan ons tot selfondersoek. Dit vra dat ons erns sal maak met 'n leefstyl en lewenswyse wat God as Skepper eer. Ons moet die gewoontes ondersoek wat uiteindelik ons individuele leefstyl bepaal. Ons persoonlike keuses sal uiteindelik uitkring en ook ons breë gemeenskap en gemeenskaplike leefstyle beïnvloed.

Die gawe van God se Gees: 'n Nuwe ekologies-sensitiewe hart (24-31)

God wil sy volk in ballingskap vernuwe deur vir hulle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees te gee. Hy wil reinigingswater oor hulle uitgooi en hulle reinig van hulle afgodery, Hy wil hulle harte van klip uithaal. Die gawe van God se Gees sal etiese optrede tussen die ballinge aanmoedig en versterk, sodat God se wil en doel vir hulle gestalte sal kry.

Die vrugbaarheid van die land, in terme van die herstel van die ballinge, word vanuit 'n menslike oogpunt beskryf. In ons skrifgedeelte staan God egter sentraal. God neem die inisiatief, sonder dat die mens se verantwoordelikheid enigsins verminder of ontken word. Die Israelitiese ballinge gaan as verlore mense in die land woon en God gaan die vernedering van die hongersnood verlig wanneer hulle weereens die oorvloed van die opbrengs kan geniet. Selfs wanneer hulle hierdie genade van God

ervaar, maan die profeet, moet die volk steeds verantwoordelikheid aanvaar vir hulle sonde en berou en skaamte toon (32–38). Só sal Israel vir die ander nasies 'n teken wees van God se verlossingwerk, "Hulle sal besef dat Ek die Here is" (38). Vir Esegïel is hierdie dupliek van toepassing op die natuur sowel as die ballinge. God se roem is sentraal en allesoorheersend.

Die Gees van God bied nuwe geleenthede

Hernude bewuswording van die werking van die Gees bied baie geleentheid om ons verhouding met God se skepping te herstel en te herprioritiseer. Voorbeelde van hierdie geleenthede is as volg:

- 'n Christelike lewenswyse en soeke na intimiteit met God in ons alledaagse bestaan;
- Herlewing binne die kerk deur lewegewende gewoontes wat op die Woord van God gebaseer is; en;
- Navorsing in die akademiese vakgebiede van teologie en filosofie.

Die Gees van God maak dit vir ons moontlik om ekologies-sensitiewe harte te hê. Ons kan self bepaal hoe ons met die gawe van God se skepping omgaan sodat ons daardeur sy naam verheerlik en terselfdertyd verantwoordelikheid vir ons verskillende keuses aanvaar.

Wat beteken dit vir jou binne jou huis, gemeenskap en werksomgewing?

Gebedstemas

- Bid dat God ons oë sal oopmaak om ons rol in die vernietiging van die omgewing raak te sien.
- Bid dat die Gees van God vir ons ekologies sensitiewe harte sal gee.
- Prys God vir die geleentheid wat die Heilige Gees ons bied om vir die omgewing te sorg.

Dag 5: Dooie gebeentes word besiel met nuwe lewe

Esegiël 37: 1-14

Lydia Juliana-Jones

Inleiding vir predikers

Esegiël se ontmoeting met die Gees van God en sy gepaardgaande visioen “in die vallei van droë bene” vind plaas tydens die rampspoedige ballingskap van die Israeliete in Babilon in die sesde eeu voor Christus. Vir die Israeliete was dit 'n vreemde en vyandige land. Ons Skrifgedeelte skets 'n duidelike beeld. Eers sien ons net die hopeloosheid, 'n prent van dood in die dorre, vreemde land, maar dan verander hierdie prent en wys vir ons God se belofte dat lewe sal seëvier en dat die grafte hulle dooies sal prysgee. So, verkondig die priester en profeet, sal die mense weet dat die Here God nuwe lewe bring.

Aan die einde van Januarie 2018, het 'n groot deel van die wêreld 'n raar en besonderse maansverduistering gesien, 'n sogenaamde blou- of supermaan. Dit was die konteks waarbinne die oordenkings oor hierdie gedeelte plaasgevind het. Die buitengewone spel van lig in die naghemel tydens hierdie gebeurtenis, het ons oë oopgemaak om ook die skepping in 'n nuwe lig te sien.

In hierdie selfde tyd is die Wes-Kaap van Suid-Afrika in die wurggreep van een van die strafste droogtes van die eeu. Die reën bly weg, damme loop leeg, Dag Zero wink. Die ewige stof en swerms voëls in vreemde vliegformasies, herinner aan die dood wat al hoe nader kruip. Ons moet onself afvra: Lei ons lewenswyse dan tot die dood? En tog kan ons steeds in hierdie land vir mekaar sê: “Kyk, wat het die Here gedoen.”

Wanneer ons vanuit hierdie ekologiese oogpunt na Esegiël kyk, bring dit vir ons 'n ryk en troosvolle boodskap van God wat deur sy Gees alles weer nuut maak. Die res van die boodskap, in gedigvorm, wil ons nooi om oor die baie verskillende betekenis en skakerings van Esegiël 37 na te dink.

'n Skouspel van kontras

Dit was drie in een:

Super, blou, bloed;

teen die swart naghemel,

'n skouspel van kleur. Dit was drie in een.

Onder hierdie maan, in hierdie nag...

Sou selfs droë bene weer blink ... kan blink ...

Het jy gesien?

Hulle kan weer lewe ... *kan hulle nie?*

Weer opstaan ... *kan hulle nie?*

Daar, in die vallei van doodskaduwee ...

Kan hierdie bene leef?

Oral in die vallei was die oorblyfsels van hulle wat reeds dood is –

Dood – verwoesting – geweld

dit syfel tot binne-in ons gebeentes, ons wese.

In ballingskap – ver weg van ons land – ons gebeentes het droog geword ...

Hierdie vernietigende droogte – *is ons besig om dood te gaan?*

Doodgaan *van ...?*

Doodgaan *vir ...?*

Ons sien die tekens

Ons proe dit, die stof van hierdie dood omsluit ons,

die naderkruipende woestyn...

Ag, was daar maar 'n wolk op die horison –

Die grootte van 'n man se hand ...

Kyk na die vallei –

Kyk in die spieël –

Sien die kern van jou wese ...

Sien die verwoesting,

Die vernietiging ...

dood ... dit kan, – miskien – weer tot lewe lei?

Kan dit?

Sal dit?

My God, my God, waarom het U ons verlaat?

Het U ons verlaat ...?

Waarom is U so ver van ons geween en gekla?

En tog – kyk – ek sien,

hierdie is die plek van die verbond.

Nuwe verhoudings word gevorm, 'n geboorte in die vallei...

Verbandsbande word opnuut onthou,

die teenwoordigheid van die profeet,

hierheen gebring deur God se Gees,

hier, na die middel van die vallei,

hy is hier, in die vallei,

deur die Gees van God ...

Hy wat lei, en wys en vra – sal jy met My in vennootskap tree?

En nou – profeteer!

Sê vir hierdie bene –

Luister, droë bene, hoor die Woord van die Here,

Ons sal weer geleer word om God in hierdie vreemde land te loof.

**Weer die vraag, Kan hierdie bene leef?
Slegs U weet dit ...**

**Spreek die woord...
droë bene, hoor die Woord van die Here –
haal asem,
groeï senings,
vleis,
vel,
haal asem,
dan sal julle weet dat Ek die Here is.
'n Geluid, 'n gedreun – kan dit donderweer wees?**

**Vanuit die vier windrigtings, blaas,
blaas oor hierdie slagoffers
...sodat hulle kan lewe.
Sodat hulle kan weet.**

**'n Groot menigte is op hulle voete –
julle het uit die graf opgestaan
weer gebore, opgewek – om te lewe.**

**Hierdie vreemde grond – 'n splinternuwe landskap,
ons wil met nuwe oë kyk,
reflekteer jou stem op ons stembande**

**En gee vir ons woorde – om te proklameer – te profeteer.
Woorde wat lewe spreek – nie dood nie.
Woorde wat skep, nie vernietig nie.
Woorde wat opwek, en nie afbreek nie – pryswoorde.**

**Terwyl die skepping sug, kla,
bring die geboortepyne nuwe lewe voort –**

**verlossing vir die kinders van God
en vir die ganse skepping.**

**Van oraloor sal hulle kom
en opnuut sien wat U doen.
Hulle sal soek en vind dat U voor hulle reeds daar was ...
Alles in almal.**

**Stort U Gees oor ons uit
sodat ons mag lewe.
Neem ons terug na ons land –**

U land ...

**Sodat ons eens en altyd kan weet
dat U die Here is,
dat U gespreek het
en dat U sal optree, hier en nou optree, sodat ons kan weet,
nou en vir altyd.**

**super blou bloed – kleure van die reënboog – weerkaatsende lig,
ons beeld was eers dof, raaiselagtig
maar nou sien ons duidelik U aangesig
in U hele skepping.
Want U het ons opgehelp – opgewek!**

**Kyk!
Ons staan op heilige grond,
ons is verplant.
Dit is die werk van die Here,
Hy het gepraat
en dit is so ...
ons is uit die stowwerige graf opgewek,
ons kan leef!**

**U is God!
AMEN
laat dit so wees.**

Gebedstemas

- **Dank God vir die nuwe visie wat sy Woord ons gee.**
- **Bid vir geloof om God te vertrou vir dit wat Hy in ons en deur ons wil doen.**
- **Dank God vir sy almag en vermoë om aan ou bene nuwe lewe te gee.**

Dag 6: 'n Stroom van lewe

Esegiël 47:1–12

Nadia Marais

Inleiding

Hierdie Skrifgedeelte bevat geen uitdruklike verwysing na die Gees van God nie. Tog wemel Esegiël 47 van verwysings na water en bome wat kos voorsien en genees. Die visioen vorm deel van die laaste versameling visioene in die boek Esegiël. Hulle is almal verbeeldingryk en toekomsgerig. In die agtergrond is 'n paradys soortgelyk aan die Tuin van Eden in Genesis 2, waar kos en water volop is. Dit is 'n plek waar God se seëninge geniet kan word en mens, dier en plant floreer.

Esegiël se visioen van die tempel en stroom water

Hierdie visioen bring die profeet Esegiël na die tempel, vanwaar hy 'n klein stroompie water sien uitsyfer. Die tempel is die bron van die stroom water. Esegiël word genooi om die stroom te volg. Daar word vertel hoe die water geleidelik al dieper word: vanaf enkeldiepte (3) na kniediepte (4) na heupdiepte (4) en uiteindelik diep genoeg om deur te swem (5). Wat hier gebeur is niks minder as God se handeling nie, want die stroom water verdiep oënskynlik sonder dat enige aanvullende strome of fonteine dit versterk. Die bron vir hierdie lewende stroom is egter duidelik: die water van die lewe word geskenk deur God, vanuit wie se teenwoordigheid (die tempel) dit direk vloei. Die water verander ook nie net dooie water in lewende water nie, maar transformeer ook 'n droë woestynggebied in 'n tuin – die Jordaanvallei of wildernis van Juda (9), op pad na die eindbestemming.

Waarheen vloei hierdie water? Wat is die eindbestemming van die lewende stroom? Die visioen verduidelik dat die water uiteindelik uitloop in die Dooie See (8), waar dit die see se dooie water vervang met lewende water. Hierdie vars water word 'n tuiste waarin diere en veral visse in oorfloed kan lewe, of "wemel" (9). Die water is egter nie net 'n bron van lewe vir die diere wat daarin en daarnaas woon nie, maar ook vir bome wat op die walle van die stroom groei (7). Uiteindelik word die geskenk van lewe nie net aan plante en diere gegee nie, maar ook aan mense, as 'n bron van kos (vrugte van die bome en visse van die see; 10 en 12), 'n bron van sout (nodig vir kultiese gebruik, soos offerandes; 11), en as 'n bron van genesing (die blare van die bome; 12). Kortom, die lewende stroom maak die lewe in oorfloed moontlik.

God van naby maak lewe moontlik

God wat ons in hierdie Skrifgedeelte ontmoet, is die nabye God, wat lewe skenk en wat seën. Die lewende water is genadewater. Daardeur ontvang die verbondsmense van God 'n goeie en geseënde lewe. In die proses word die vol lewe ook aan diere en plante, selfs aan woestynggebiede en soutwater, geskenk. God bly getrou aan God se verbondsbeloftes wat Hy aan mens, dier en plant maak; soos die heel eerste verbond in die Bybel wat God nie net met mense aangaan nie, maar met alle lewende wesens

(Gen 9). God vertrouws en versorg getraumatiseerde mense – ballinge, vreemdelinge en vlugtlinge. Hierdie beeld kom weer in Openbaring 22 voor om die vroeë kerk te vertrouws.

In die brontaal is die woorde vir “rivier” en “erfenis” hier naby aan mekaar. Die rivier wat uit die tempel as simbool van God se teenwoordigheid voortvloei, vorm die raamwerk vir die visioen. Die geskenk van water is ’n bron van dubbele genesing, naamlik die genesing van die dooie water (8), asook die genesing deur boomblare van bome wat op die rivieroewer groei en deur die water gevoed word (12). Die rivier herinner ons aan ons natuurlike erfenis, waarvoor ons verantwoordelik is en wat ook vir ons genees en voed. Ons riviere maak die lewe vir ons moontlik, deur aan ons – en alle lewende wesens – lewensnoodsaaklike water te voorsien. Water is ’n geskenk, maar ons behoort ook na hierdie erfenis om te sien sodat daar vir die toekoms – ons kinders en kleinkinders, maar ook vir die diere en plante van die toekoms – genoeg water sal wees om ’n vol lewe te kan hê.

Ons het ’n verantwoordelikheid

Dit beteken ons moet na ons riviere kyk. ’n Voorbeeld van hoe gemeenskappe in Suid-Afrika na riviere sou kon omsien, is die “Adopt a River”-inisiatief. Dit behels die kies van ’n rivier waarvan omliggende gemeenskappe afhanklik is vir skoon water, om die gekose rivier dan gereeld skoon te maak, te monitor (vermorsing te beperk), en planne vir die toekoms te beraam om te verseker dat skoon water steeds deur ons riviere vloei. Riviere is immers die lewensare van die aarde. Daarsonder kan niks oorleef nie.

Dit beteken ook dat ons na ons bome moet omsien. ’n Voorbeeld van hoe gemeenskappe in Suid-Afrika na bome omsien is die “Biotree”-inisiatief. Die inisiatief moedig mense aan om ’n boom te plant wanneer iemand naby aan hulle sterf, eerder as om ’n liggaam in ’n kis in die grond te begrawe. Sodoende kan begraafplase verander in woude, wat minder plek opneem en weer daartoe bydra om suurstof aan volgende generasies te voorsien. Woude is die longe van die aarde waarsonder suurstofafhanklikes nie kan oorleef nie.

Die lewende, vars, lewegewende water van ons Skrifgedeelte staan teenoor giftige, dooie, dodelike water (of geen water). God is die Bron van die lewegewende stroom wat voorsien en omsien na mens, dier en plant, waaronder bome tel, wat voed en genees.

Tydens Pinkster bely die kerk oor die eeue en oor die hele wêreld heen dat die Heilige Gees, die Skeppergees, lewend maak. Dit is ons troos dat God die bron is van alle lewe. Die Gees sit hierdie lewegewende werk voort. Ons hoef nie die aarde te red nie. Terselfdertyd word ons gedring om op verbeeldingryke maniere te help werk aan die lewegewende toekoms waarvoor Esegïel en die vroeë kerk gedroom het: genoeg kos, water, lewensruimte. ’n Toekoms waarbinne mens, dier en plant floreer.

Gebedstemas

- **Loof God vir die lewende water wat Hy voorsien.**

- **Erken God se teenwoordigheid by ons wat lewe moontlik maak.**
- **Bid vir toewyding om verantwoordelikheid te neem vir die versorging van die aarde.**

Dag 7: Babilon en die Bruid

Openbaring 18:1-17

Juanita Greyvenstein

'n Welkome boodskap: Babilon sal vernietig word

Johannes se openbaring gebruik ryk kosmiese beelde waarmee hy die vroeë kerkgemeenskappe in Asië, wat onder Romeinse heerskappy verdruk is, vermaan en troos. Die gewelddadige beelde wat ons hier teëkom, kan verkeerdelik die indruk skep dat God 'n God van wraak is en dat 'n sekere mate van vyandigheid teenoor buitestaanders dus geregverdig is. Ons moet egter die hierdie intense en kragtige beelde, binne die konteks van die tyd waarin dit geskryf is, verstaan.

Die eerste eeuse kerke was onder totale heerskappy van die Romeinse Ryk. Rome was 'n magtige ekonomiese en militêre moondheid, wat haar magsbasis laat groei het deur arm menigtes te onderdruk en uit te buit. Keisers is gesien as gode met goddelike mag en 'n goddelike mandaat. Dit was vir die vroeë kerk baie moeilik om binne hierdie magsbedeling die politiese en sosiale implikasies van die koninkryk van Christus met die absolute arrogansie, onreg en mag van die Romeinse Ryk van hulle tyd, te versoen.

Johannes gebruik metafore soos Babilon as onsedelike vrou en die bruid van Christus om sy lesers voor 'n keuse, vir of teen die Lam van God, te bring. Terselfdertyd wil hy geloof, volharding en vertrouwe in hierdie moeilike tye aanwakker. Ons moet egter self teen sulke ekstreme veralgemenings waak in ons persepsies en beskrywings van vroue. Johannes het sy openbaring binne 'n patriargale samelewing geskryf. Vroue is in daardie tyd as voorwerpe en besittings gesien en selfs geweld teen hulle is geregverdig. Die ongeregthede in Babilon was allesoorheersend. Die realiteit van prostitusie was meestal nie 'n leefstyl besluit nie, maar eerder 'n praktyk wat deur die ongelyke strukture binne die Romeinse Ryk gehandhaaf is.

Prostitusie was algemeen geassosieer met slawe en mense aan die onderpunt van die sosiale leer. Die Griekse term *pornē* (prostituut) impliseer die ontmensliking en verbruikerswaarde van vroue, hulle liggame, hulle tyd en hulle dienste. Die teenstelling van 'n onsedelike vrou, of prostituut, wat buite beheer is en nou as koningin op 'n troon sit, beskryf die gevoel van vrees vir vroulike mag. 'n Voorwerp van veragting word 'n krag van absolute mag sonder beperkings – 'n uitdrukking van totale chaos.

Die fundamentele of kern sonde waarteen daar in hierdie beeld gewaarsku word, is die van afgodsdienste. Die kerke in Asië was magteloos en weerloos voor die allesoorheersende keiseraanbidding. Hulle verbintenis en verhouding met hierdie strukture is openlik veroordeel. Enige godsdienstige praktyke wat nie die heerskappy van Christus oor alle sosiale, finansiële en kulturele strukture erken het

nie, was immers leeg en betekenisloos. En tog was die tekens van Christus se heerskappy van geregtigheid en vrede ook in hulle lewes afwesig, sodat hulle gesmag het na geregtigheid, herversekering en herstel.

Alhoewel die Christendom vandag 'n ander posisie binne die bestaande ekonomiese en politiese magte beklee, staan baie gemeenskappe steeds magteloos voor die meedoënlose slaankrag van die mark ekonomie. Onder die oënskynlike beleid van onbeperkte groei, is dit die armes van ons wêreld, en sy natuurlik hulpbronne, wat die swaarste ly en die meeste moet opoffer. Die dryfkrag agter hierdie altyd-groeiende ekonomie is die oorheersende verbruikersmentaliteit. Indien jy 'n erkende, gerekende en gerespekteerde lid van die gemeenskap wil wees, moet jy verbruikers-georiënteerd wees. Jou krag as verbruiker is jou toegangskaartjie tot die ekonomie en dit gee jou die reg om jou stem te laat hoor. Ongelukkig is dit die aarde, ons tuiste, wat die meeste onder hierdie altyd stygende produksie ly. Hy kan homself nie in die taal van verbruikers uitdruk nie. In stede hiervan hoor ons sy hulpkrete in klimaatsverandering, uiterse weersomstandighede, droogtes en vloede, die afname in vrugbare landbougrond en die vernietiging van ekosisteme. En tog erken ons nie hierdie hulpkrete nie. Die wêreld ekonomie stuit die stem van enigeen wat 'n ander deuntjie sing.

In die woorde van die ACCRA belydenis

Hierdie vryemark wêreld ekonomie is 'n ideologie wat skynbaar geen alternatief bied nie en wat steeds meer en meer van die armes sowel as van die skepping vra. Dit belowe valslik om die wêreld te red deur welvaart en voorspoed te kweek terwyl dit eintlik totale heerskappy oor ons lewes inneem en 'n algehele toewyding van hierdie afgod vra.

Indien ons nie daarop ag slaan nie, sal hierdie verbruikersmentaliteit – die herhalende koop, gebruik en weggooi van produkte – 'n afgod word wat uiteindelik ons begeertes, waardes en leefstyle rig. Verskeie statistieke bewys die vernietigende impak van die verbruikerskultuur op ons natuurlike hulpbronne. Oorweeg byvoorbeeld die volgende: Wêreldwyd word daar tans 1 miljoen plastiekbottels per minuut gekoop. Hiervan word 91 persent nie herwin nie. Pogings om te hergebruik en te herwin kan gewoon nie by hierdie tempo kersvashou nie.

Die geneigdheid om nieherwinbare produkte met “groen” herwinbare goedere te vervang, is eweneens gevaarlik. Op 'n manier vuur dit die verbruikerskultuur net verder aan. Dit spreek nie die wortel van die kwaad aan nie, naamlik die sonde van afgodery wat ongelyke strukture binne ons samelewing rig en beïnvloed. So lank as wat ons nie die waarde van mense en natuurlike hulpbronne na behore ag nie, sal die misbruik daarvan, soos tans die geval is, voortduur.

Vandag word die menslike liggaam steeds deur baie as 'n voorwerp geag en hanteer, onwaardig en onmenslik, net soos in die geval van die vroue in die eerste eeuse Romeinse Ryk. Die eindelose gebruik en misbruik van die menslike liggaam, word geregverdig omdat hulle bloot as voorwerpe gesien word. Dieselfde skreiende

onreg is ook van toepassing op die skepping – die heilige geskenk van God – wat ons almal onderhou. Natuurlike hulpbronne word gesien as weggoerbare voorwerpe, sonder enige inherente waarde, en die uitbuiting en vernietiging daarvan word geregverdig bloot omdat ons ons dié weelde veroorloof. Kampvegters vir ekologiese en vroueregte wys op die direkte verband tussen geweld teen vroue (verkragting) en die geweld teen die aarde (besoedeling).

Die boek Openbaring roep die kerk op tot ware aanbidding van die Lam, die Een wat reeds al die magte wat oor ons lewens heerskappy voer, oorwin het. Die kerk word geroep om uit die stad Babilon te gaan en deel te neem in die oorwinning van die Lam. Ons doen dit nie deur enige vorm van geweld nie, maar deur lofprysing en aanbidding. Die kerk moet homself losmaak van die kragtige dialoog van Babilon en onder God se heerskappy van herstel en genesing kom staan. Dit impliseer verder dat diegene wat tot nou toe wins gemaak het uit Babilon se werke, hulle by die slagoffers sal skaar. Dat hulle sal deel in die lyding van die stemloses, die wat uitgebuit is sowel as die aarde.

Maak gereed vir die oorwinningsfees van die Lam

Die kerk maak homself gereed vir die bruilofsmaal met die Lam, 'n viering van ons eenheid met Christus (Op 21). God voorsien die kerk met 'n kleding van fyn, wit linne, die goeie daad van heiliges. Hierdie klere maak dit vir die kerk moontlik om in die glans van Christus (22:16) en die kristalhelder water van die lewe (22:1) te deel. Die fyn, wit linnekleding simboliseer God se oorwinning en vier die nuwe hemel en die nuwe aarde. Die goeie daad waarna verwys word, is dus tekenend van die verwagting van lewe op die nuwe aarde. Ons moet die kerk oproep om hierdie heling en herstel van God se koninkryk daadwerklik uit te leef. Die kerk van God moet uitdrukking gee aan 'n gemeenskap waar alles op aarde gelyk kan voordeel trek uit die gawes van God se skepping. Hierdie gawes bring genesing vir ons almal.

Dit kan vir ons haas onmoontlik lyk om aan die allesoorheersende vertering van die huidige ekonomiese stelsel te ontsnap. Openbaring wil ons weer met hoop vul. Bid en werk vir 'n gemeenskap wat die koninkryk van die Lam verpersoonlik. Ons verkondig immers dat God self ons na sy groot fees lei, selfs wanneer ons min daarvan in ons daaglikse bestaan sien. Eerste eeuse kerke in Asië moes 'n keuse vir óf Babilon, óf Jerusalem maak. Net so kan ons vandag kies om deel te neem aan die vergestaltung van die nuwe hemele en die nuwe aarde in die tyd waarin ons leef. Die alternatief is om deel te neem aan die verbruikersmentaliteit wat vervreem en vernietig.

Omdat ons hoop gevestig is op die koninkryk van die Lam, kan ons liefhê, bid en verduur ten spyte van oorweldigende en frustrerende omstandighede. Ons kan medelye met die slagoffers van Babilon toon omdat ons die opofferende liefde van die Lam vertrou. Laat ons erkenning gee aan stemme wat 'n ander melodie sing, die stemme van inheemse volke, die armes, die onderdrukte en die aarde en aanhou hoop vir 'n regverdig en vredevolle nuwe aarde.

Gebedstemas

- **Bid vir 'n bewussyn van die magte wat ons mislei om God se mooi skepping te vernietig.**
- **Dank God vir globale inisiatiewe wat die hulproep van die aarde ter harte neem.**
- **Verbind julleself om aktief deel te neem om die omstandighede van arm en behoeftige mense te verbeter.**

Dag 8: Die Lam se bruilof: Vreugde in die hemel en op aarde

Openbaring 19:1-10

Ernst Conradie

Die stad brand

Ons lees in vers drie van ons Skrifgedeelte die oordeel oor die hoer is voltrek. Die stad brand. Haar rook trek op na die hemel. Dit gaan natuurlik nie hier oor seksuele losbandigheid of oor die wyse waarop mans vroue blameer vir hulle besoeke aan sekswerkers nie. Die hoer is hier 'n simbool vir Babel, vir die groot en magtige Babiloniese Ryk. Eintlik is dit 'n skuilnaam vir Rome, vir die selfs nóg groter en nóg magtiger Romeinse Ryk. Babel het die hele aarde met haar immorele magsuitoefening verwoes. Dit geld net so van Rome. Die sogenaamde Romeinse vrede het berus op grootskaalse onderdrukking en koloniserings. Die wrede doodstraf vir 'n rabbi uit Nasaret is één voorbeeld.

Eintlik staan die hoer vir alle wêreldryke. Die een volg die ander op. In die afgelope eeu of twee was daar Napoleon se Ryk, die Britse Ryk, Hitler se Derde Ryk, Amerikaanse oorheersing, die USSR se dwangheerskappy – en nou dalk die Chinese Ryk. Al die ryke verwoes die aarde, nog meer as Stalin se “verwoeste aarde” beleid. Die sêding lui dat alle ryke begin met die afkap van die eerste boom en val met die afkap van die laaste boom. Rome se kos het uit Noord-Afrika gekom en die landbougrond daar verwoes. Die Brits-Amerikaanse ryk strek ver en wyd. Dit verander selfs ons klimaat – en bring droogte, brande en vloede wat mense en diere se lewes verwoes, óók in Suider-Afrika.

Mense huil en vier fees

Openbaring 18 beskryf hoe mense huil oor die val van Babel. Die konings huil, die sakemanne huil en die matrose huil. Geen wonder nie! Al die rykdom, al die geboue en infrastruktuur, al die kuns en wetenskap, al die organisasies en beplanning, alles gaan in rook op wanneer die stad brand. Sou jy nie ook daarvoor huil nie?

In Openbaring 19 kom 'n mens agter dat nie almal huil oor Babel nie. Trouens, daar is 'n groot menigte wat uitroep: “Prys die Here! Halleluja! Uiteindelik! Weg met Babel! Wraak is geneem!” Daar is 24 ouderlinge wat daarop “Amen!” sê. Prys die Here!

Wat gaan hier aan? Is dit wat die Duitsers *Schadenfreude* noem – om heimlik plesier te vind uit 'n ander se skade? Miskien, maar daar is ook meer op die spel. 'n Mens kan hier dink aan soortgelyke gevalle. Dalk sterf 'n bendeleier wat baie ander vermoor het self in 'n koeëlreën. Dink aan die refrein uit *The Wizard of Oz*: “Hooray, hooray, the witch is dead!”

'n Veel meer dramatiese voorbeeld kom uit die nag na 9/11. Wie kan die beeldmateriaal onthou van mense in die Midde Ooste wat in die strate dans toe hulle die nuus gehoor het dat die Twin Towers geval het. Hoekom? Dink aan die vreugde toe die nuus bekend word van Hitler se val – of die einde van Idi Amin en Saddam

Hussain. Die val van Robert en "Disgrace" Mugabe. En wat van die val van Thabo Mbeki ... en Jacob Zuma?

Hierdie voorbeelde verduidelik hoekom mense uitbundige vreugde oor die val van Babel kan hê. Hierdie voorbeelde is egter ook afstootlik, ongesofistikeerd, selfs barbaars. Veral vir die maghebbers, die elite, die welvarendes, meer as vir die mense wat onder die tirannie van oorheersing ly. Nietemin is die vraag hoekom hierdie singery in Openbaring 19 nie ewe afstootlik is nie.

Kodetaal om te bemoedig

Die antwoord hierop is maklik. Die kodetaal in Openbaring is daarop gemik om Christene wat onder Romeinse vervolging gelei het, te ondersteun en te bemoedig. Die boodskap is dat die mag van Romeinse keisers nie ewig duur nie. Dink aan die vrese en verlangens van klein gemeenskappe van Christene. Sommige van hulle familieledes is vir die leeu gevoer om vermaak te verskaf aan Romeinse toeskouers. Ander moes veg as gladiatore – vir pret en plesier. Dit oortref selfs *The Hunger Games* in diaboliese kruheid!

Ons weet natuurlik dat die Romeinse Ryk uiteindelik wel geval het. Die vervolgte Christene het dit nog nie geweet nie. Die beelde in Openbaring 19 het nog in die toekoms gelê. Dit is 'n visioen van wat kom, nog lank geen werklikheid nie. Die probleem was eerder dat die een wrede keiser opgevolg is deur 'n volgende (17:10) – miskien 'n bietjie minder wreed of dalk nog erger. Meer nog, die een wêreldryk wat ondergaan, word opgevolg deur 'n ander. Hulle kom aan bewind met groot belofte, maar spoedig begin hulle met nuwe vorms van onderdrukking. Psalm 146 prys die Heer met "blye galme" maar voeg nie verniet by dat ons op kroonprinses nie ons hoop moet bou nie.

Openbaring 19 los oënskynlik nie hierdie probleem op nie. Vers 6 lui dat die "Here, ons God, die Almagtige" nou as koning heers. Hoekom is dit beter net omdat daar 'n ander baas aan bewind is? (Die Afrikaanse woord "heer" beteken eintlik maar "baas".) Immers, die Christene wat so erg vervolgt is, het eeue later self ander wreed vervolgt en verwoesting oor die hele aarde gebring – nogal in die teken van "ons" God. Kan 'n almagtige God ons help? Of geld dit eerder dat "Power corrupts and absolute power corrupts absolutely"?

Eer aan God

In vers 7 kom daar 'n wending. Ons moet bly wees en juig en aan God die eer gee. Hoekom? Omdat die bruilof van die Lam aangebreek het. In Esegïël 34 het die priesters sleg vir die lammers gesorg. Toe kom daar 'n Goeie Herder. Daardie herder is self soos 'n skaap geslag. Die boek Openbaring is propvol ironieë. Die ouderlinge plaas hulle hoop op die Leeu van Juda (5:5) maar dit is die Lam wat geslag is (5:6) wat hoop bring dat die eindelose spiraal van verwoestende geweld beëindig sal word. Die bruilofsdag van die Lam het nou aangebreek en duur vir altyd. 'n Gees van verandering is in die lug.

Sal dit regtig verbetering bring? Is dit 'n heiligende Gees? Min mense sal seker bereid wees om dit te glo. Behalwe die bruid! En die genooide gaste wat (anders as die bloedige hoer) met wit klere opdaag. Hulle wat die tekens van verandering raaksien. G'n wonder dat die engel in vers 9 die gaste seën nie. Hulle is die getuies van die bruilof en sal daardie seën nodig hê om getuienis te lewer van die Lam en om self aan daardie getuienis vas te hou.

Sonder daardie seën sal die een "Empire" maar net deur 'n ander opgevolg word. En dit sal die hele aarde verwoes. Of hoe?

Gebedstemas

- **Raak bewus van die nood van die wêreld waarin ons leef. Treur oor ons omgewing.**
- **Bid om die deernis van God om mense in nood en die natuur in verdrukking te bemoedig.**
- **Stel jou in om God met jou lewe te eer en te dien.**

Dag 9: Die bruid van die Lam: Die nuwe Jerusalem

Openbaring 21:1-11; 22:1

Rachel Mash

Die apokaliptiese Dag Zero

Sosiale media in Kaapstad gons oor die apokaliptiese visie van 'n naderende Dag Zero wat gaan beteken dat die krane finaal sal opdroog en 4 miljoen mense sal moet toustaan vir hulle kwota van 25 liter water per dag. Ons sien in ons verbeelding tonele uit 'n flik oor hierdie ramp waar chaos uitbreek en gewapende wagte toesig hou oor die wagtende rye. Rioolstelsels sal in duie stort en die stad sal in die greep van allerlei gevreesde siektes wees.

Teen die agtergrond van ons huidige, benarde situasie, kry die woorde van Openbaring 21 nuwe betekenis. Dit is interessant om daarop te let dat die terme "Openbaring" en "Apokalips" beide gebruik word om na hierdie boek in die Bybel te verwys. Die name impliseer twee verskillende maniere waarop Christene hierdie naderende ramp kan benader.

Aan die een kant is ons vreesbevange oor die naderende apokalips. Ons gooi ons hande in die lug en verkondig luidkeels: "Die einde is hier!" Ons kan gebottelde water opgaar en oor 'n beter wêreld droom. Ons kan selfs sing: "Hierdie wêreld is nie my tuiste nie. Ek is net maar op reis." Ons teologie mag verkondig dat God die verlostes na 'n nuwe, beter aarde sal neem. God het 'n ontruimingsplan vir gelowiges gereed.

Aan die ander kant kan ons ook vashou aan God se visie en belofte dat Hy ons huidige wêreld gaan vernuwe en herstel. Volgens hierdie visie het God 'n transformasieplan vir die hele wêreld en wil Hy gelowiges op 'n spesiale manier betrek om hierdie veranderinge 'n werklikheid te laat word.

Die visie van die missionale kerk verkondig dat God se besorgdheid nie net by die kerk lê nie, maar ook by die res van die skepping. Die kerk, volgens die missionale beginsels, is God se agent vir transformasie en genesing van die wêreld. In die missionaliteit van die kerk is die boodskap van verlossing 'n transformasieplan, nie 'n ontruimingsplan nie. Dit fokus nie op daarop om siele so vinnig as moontlik na die hemel te ontruim nie, maar eerder om lewes hier en nou te verander en God se agente te wees sodat sy wil "op aarde, net soos in die hemel, sal geskied"².

Van 'n skepping tot 'n herskepping

Johannes se visioen in Openbaring 21 fokus op die transformasie van die hele wêreld. Openbaring, veral hoofstukke 21 en 22, is die luisterryke slotsang van die

² <https://brianmclaren.net/q-r-missional-emerging/>

Skepping. Dwarsdeur die verhaal van die Skepping in Genesis 1, klink die woorde "dit is goed" (verse 10, 16, 21, 25). Dit bereik 'n klimaks in die laaste vers (31) met die woorde: "God het gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed."

In hoofstuk 20 word die bese finaal oorwin en in hoofstuk 21 sien ons die beeld van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel afkom. God gaan nou onder ons woon, en nie meer daar ver in die hemel nie. Dit is die vervulling van ons daaglikse gebed: "Laat U koninkryk kom."

Die lees vir die eerste keer in Jesaja 65 van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Hierdie woorde sou dus vir luisteraars baie bekend wees. Jesaja profeteer van 'n tyd wanneer mense die vervulling van die oorspronklike plan vir die skepping sal sien: "gemeenskap tussen mense en God, deurtrek van vreugde, die hele skepping sal herstel wees, die wolf en die lam sal saam eet. Dit is 'n visie van persoonlike, sosiale en ekologiese harmonie – Shalom."³

Vers 4 beskryf 'n visie van geen dood, leed, smart of pyn nie. Die visie is een van Christelike hoop. Dit is 'n visie sonder enige vrees van die naderende apokalips. Gelowiges en volgelingen van Christus kan hoopvol leef omdat God by ons is. God gee vir ons 'n visie van hoe Hy wil hê dat sy volgelinge sy droom in ons wêreld 'n werklikheid sal maak. Christene hoop op 'n herskepte lewe in die teenwoordigheid van 'n liefdevolle God. Ons hoop op 'n nuwe skepping waar daar geen skeiding meer tussen hemel en aarde sal wees nie. Ons strew na menslike waardigheid en eenheid in ons liefde vir en lofprysing van God, volledige liefde vir mekaar en rentmeesterskap van God se skepping, ware menswees.⁴

Die fontein van die water van lewe

Voor hierdie huidige droogte in die Wes-Kaap, het ons die Bybel met ander oë gelees. Ons afhanklikheid van water vir lewe het simbolies geword van ons geestelike dors na God. Ons is nou meer bewus van water as tema in die Bybel. Water word ongeveer 722 keer in die Bybel genoem. Dit borrel, drup, vloei en stroom met mening dwarsdeur die boeke van die Bybel. Omdat ons hierdie belangrike verwysings misgekyk het, het ons ook nie verstaan hoe belangrik water is vir ons verstaan van die Skrif nie. Water bring lewe, genesing en hoop; dit reinig ons.

Selfs nog voordat God lewe geskep het, was water reeds daar: "Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef." (Gen. 1:2).

Ons het water tot verbruikersartikel gereduseer. Ons het vergeet dat dit 'n gawe uit die hand van God is. In Kaapstad het ons verkeerdelik geglo dat ons bronne eindeloos is. Ons moet nou ons leefstyle by die nuwe norm aanpas. Ons het gedink dat die water in ons krane maar altyd daar sal wees, maar altyd sal aanhou vloei. Ons

³ Atkinson D. *Renewing the Face of the Earth*. Canterbury Press. 2008.

⁴ Wright, NT. *New heavens and New earth*. Grove publications. 1999. p24

het nie die impak van klimaatsverandering op hierdie gawe verstaan nie. Kevin Winter van die Toekomssentrum vir Water by die Universiteit van Kaapstad sê die volgende: “Ons het klimaatsverandering altyd as ’n stadigbewegende bus voorgestel, maar ons moet beseft dat daar spoedbulte langs die pad is, en ons gaan nou oor een.” Dit is die nuwe norm. Ons gaan toenemend minder water beskikbaar hê.

Ons uitdaging

In hierdie nuwe norm, hierdie nuwe situasie waarin ons ons tans bevind, moet ons mekaar toenemend daaraan herinner dat water skaars is. Ons moet bewakers van die water word. In die woorde van St. Francis, moet ons water soos ons eie Suster behandel:

“Praised be to you my Lord through Sister Water, so useful, humble, precious and pure”. In Afrikaans vertaal: “Ons prys God vir ons Suster, Water, so bruikbaar, nederig, kosbaar en rein.” (*Canticle of Creation: St Francis*).

Ons tweede uitdaging is om te onthou dat 21% van die mense in die Moederstad, en baie wat in landelike omgewings woon, hulle lewes lank al onder die vaandel van ’n Dag Zero leef. Mag ons ervarings van water aandra en onself in ’n emmer met net ’n bietjie water was, ons harte vir hierdie mense oopmaak en ons met medelye vul. Mag ons alles in ons vermoë doen om politici daartoe te dwing om toegang tot skoon drinkwater en veilige toilette vir almal ’n werklikheid te maak.

’n Derde uitdaging is om die realiteit van klimaatsverandering te beseft en onself in die woorde van die Pous te verbind “om die hulpkrete van die aarde en die armes te hoor”. Laat ons nooit die 3.5 miljoen mense vergeet nie vir wie ’n daaglikse rantsoen van 50 liter skoon drinkwater wat uit ’n kraan in hulle huise vloei, ongekende luuksheid is.

Klimaatsverandering gaan die waterbronne wat tans tot hulle beskikking is, laat opdroog, sodat hulle toenemend verder moet loop wanneer hulle water na hulle huise aandra. Mag die vrees vir die apokalips in aksie oorgaan sodat ons saam met God sal werk om transformasie in ons stad en wêreld te bring. “Die naam van die stad moet van vandag af wees: Die Here is daar.”

Gebedstemas

- Bid dat God ons sal bevry van die verlamende effek van gedagtes oor Dag Zero.
- Bid dat God ons die regte gesindheid sal gee om ons leefstyle by hierdie nuwe situasie aan te pas.
- Bid dat God ons sal help om die heiligheid van water en die geestelike betekenis daarvan raak te sien.

**Dag 10: Die Gees en die bruid:
Jerusalem se boom van die lewe**

**Openbaring 22:1-17
David Botha**

Wat sien jy?

Onder leiding van die Gees van God sien Esegïel 'n nuwe stad – die stad van vrede. 'n Rivier met oorvloedige water loop dwarsdeur die stad met bome weerskante. Sáám sorg hulle dat daar geen gebrek of siektes in hierdie stad is nie – alles is heel (47:1–12). Die rede waarom alles in dié stad heel is, is omdat “die Here daar is” (48:35). Johannes sien ook 'n nuwe stad onder leiding van die Heilige Gees. Kenmerkend van hierdie stad is dat die “woonplek van God nou by die mense is” (Op 21:3). Daarom is die naam van hierdie stad “Jerusalem”. Die naam beteken “stad van vrede”. Daar is geen tekorte of siektes in hierdie stad nie. Daar is standhoudende water en 'n boom wat elke maand van die jaar kos voorsien en die nasies genees (Op 22:1–2). Esegïel en Johannes sien dieselfde stad!

Die Heilige Gees wil ons help om ook hierdie stad te sien. Dit is die sien van hierdie stad wat die verskil maak. 'n Mens kan nie iets beleef wat jy nie kan sien nie. Dit is God se verlange dat die ganse skepping hierdie stad van vrede sal beleef. Beleef begin egter by sien.

Babel was die stad wat die ballinge in Esegïel se tyd gesien het. Dit was die stad van ballingskap; die stad van vervreemding van alles wat vir hulle kosbaar was. Dáár was hulle vervreemd van hul grond, eiendom, die tempel én van God. Dit was 'n stad van verlange en trane. Dit was die stad van vreemde oorheersing deur die magtige Babiloniese ryk.

Die gelowiges in Johannes se tyd sien weer die stad Rome en die magtige Romeinse Ryk. In hierdie ryk en stad was daar vir hulle net onderdrukking en onreg, met 'n keiser wat aanspraak maak op die titel “seun van God”. In hierdie stad is hulle vir die leeus gevoer om plesier vir die keiser en die stad se inwoners te verskaf.

Babel en Rome verteenwoordig “stede” (gemeenskappe) op die aarde waar die mens heerskappy voer. Dit is plekke wat deur die begeerte na mag, rykdom en oorheersing gekenmerk word. Dit is plekke van verdeeldheid, onreg en onderdrukking. Dit is plekke wat verwoesting veroorsaak ter wille van die welvaart en voordeel van sommiges. Dit is plekke van armoede en ongelykheid. Dit is ook plekke wat skade veroorsaak aan die natuur ter wille van die bevrediging van die rykes se begeertes (vgl die katastrofes wat die aarde tref in Johannes se visioene). Dit is plekke waar God onttroon is. Sulke plekke is altyd besig met oorlog; óf nog méér in palm, óf te beskerm wat klaar ingepalm is. Dit is plekke wat gekenmerk word deur onreg. Daarom is daar geen vrede nie. Verwoesting is hul uiteinde.

Hoe lyk die “stad” (gemeenskap) waar jy woon? Wat sien jy? Lyk dit dalk soos Babel en Rome? Sien jy onreg raak? Is daar ’n kloof tussen ryk en arm? Ly mense aan siektes as gevolg van besoedeling deur fabrieke en kragstasies? Is daar korrupsie en selfverryking? Is geld en besittings die hoogste waarde? Word belastingbetalers en armes se geld gesteel? Lewe die jonges en oues in vrees? Is daar misdad? Is daar oral diefwering en alarms? En diskriminasie? En werkloosheid? Praat mense aanmekaar sleg oor ander mense? Is mense bang vir mekaar? En vol woede? En ...?

Is dít wat jy om jou sien?

Nog belangriker: Wat sien jy binne in jou? Hoe lyk die “stad” binne in jou? Bespeur jy gedagtes van vooroordeel? Rassisme? Word jou binnewêreld oorheers deur gedagtes wat om geld en besittings draai? Is jy jaloers op mense wat meer as jy het? Voel jy gereeld asof die lewe jou skuld? Leef dit wat jy buite in jou gemeenskap sien ook binne in jou? Draai jou binnewêreld om jou self en jou eie behoeftes en begeertes? Met ander woorde: Herken jy vir Babel en Rome in jou eie hart?

Dit is belangrik om in te sien dat wat ons in die samelewing sien eintlik in ons eie harte leef. Die samelewing is altyd uitdrukking daarvan wat binne ons leef. Solank Babel en Rome in ons harte leef, solank sal dit ook ons stede en dorpe kenmerk. As God nie in die sentrum van ons harte en gedagtes is nie, sal God ook nie in ons stede en dorpe in die sentrum wees nie. Solank die soeke na mag en eer, konflik, wedywering, liefdeloosheid en verdeeldheid in ons harte woon, sal dit alles ook in ons dorpe en stede woon. Dit kan dan nie anders as om ons op die pad van vernietiging te sit nie. Dit is noodwendig so dat waar God nie “alles en in almal is nie”, alles stukkend gaan.

God skep ’n alternatief

God sien en skep egter ’n ander stad. Die stad van absolute en omvattende vrede. Dit is ’n stad wat volkome inklusief is. Selfs God se vyande is in hierdie stad welkom. Dit is ’n stad van volkome harmonie. Dit is nie ’n stad iewers ver in die hemel nie. Dit is God se stad vir die aarde. Dit is hierdie stad wat die Heilige Gees vir Esegïel en vir Johannes wys – en ook vir ons. Die ganse aarde sal uiteindelik ’n stad van vrede wees. Daarvoor sal God sorg. Dit was immers ook God se belofte/toesegging deur die engele met die geboorte van die Lam – wat ook hierdie stad se argitek, bouer en fondasie is: “Vrede op aarde.”

En nou nooi die Heilige Gees ons elkeen: “Kom, kom trek in God se stad van vrede in. Dit is God se geskenk. Dit is verniet!” (Op 22:17). Wie “Ja” sê, sê “Ja” vir God se inwoning. En waar God woon, daar is vrede.

As jy toegee aan God se inwoning in jouself, sal God ook in jou dorp/stad woon – en daar sal vrede kom!

Gebedstemas

- Bely jou aandeel in die toestand van die omgewing waarin jy woon.

- **Dank God vir die bewussyn wat Hy besig is om by ons wakker te maak oor die omgewing.**
- **Bid dat God ons geestelike oë sal open vir die alternatief wat Hy vir die aarde bied.**

1. 'n Gebed vir ons aarde

Leier: Almagtige God, U is teenwoordig in die grote heelal, maar ook in die heel kleinste van U skepsele.

Almal: U omarm alles wat bestaan met teerheid en sorgsaamheid. Stort u kragtige liefde oor ons uit, sodat ons die pragtige natuurskoon kan beskerm.

L: Vul ons met u vrede sodat ons in liefde as broers en susters kan saamleef.

A: O God van die armes, help ons om die wat verlate en vergete is, hulle wat vir U so kosbaar is, te help en te red.

L: Bring vir ons genesing, sodat ons die aarde kan beskerm, en dit nie uitbuit nie. Help ons om skoonheid te saai, eerder as besoedeling en vernietiging.

A: Verander die harte van diegene wat slegs hulle eie gewin soek ten koste van die armes en die aarde.

L: Leer vir ons die waarde van elke ding, sodat ons dit met verwondering sal aanskou en oordink. Help ons om te weet dat ons ten diepste met elke deel van U skepping verbind is en saam op reis is na u ewige lig.

A: Ons dank U vir u teenwoordigheid vandag. Versterk ons wanneer ons worstel en bid vir geregtigheid, liefde en vrede. Ons bid dit as Christene in eenheid met die res van u skepping.

L: Vader, ons aanbid U saam met die res van u skepping. Dit is alles deur u almagtige hand geskape, dit behoort aan U, sprekend van u liefde en sorg. Ons loof u Naam!

A: Seun van God, Jesus, deur Wie alles gemaak is. U is gevorm in die moederskoot van Maria, ons Ma. U het onder ons kom woon en die skepping deur mense oë aanskou. Vandag is U in u opgestane glorie deel van elke deeltjie van u skepping. Ons loof u Naam!

L: Heilige Gees, u lig lei ons na die Vader se liefde en is teenwoordig in die skepping wat in barensood verkeer. U woon in ons harte en inspireer ons om goed te doen. Ons loof u Naam!

A: Drie-enige God, wonderbaarlike eenheid en gemeenskap van oneindige liefde, leer ons om die wonder van die skepping te oordink, want alles spreek van u almag. Ontvang ons lofen dank vir alles wat U gemaak het.

L: Skenk aan ons die genade om 'n diepe verbintenis met alles wat U gemaak het te ervaar. God van liefde, wys ons ons plek en verantwoordelikheid binne U skepping sodat ons U hande en voete kan wees, want niks is in U oë onbelangrik nie. Maak die oë oop van diegene wat mag en geld het, sodat hulle nie voor die sonde van

onverskilligheid sal swig nie. Help hulle om te strewen na dit wat reg is, om die wat swak is te help en om te sorg vir die wêreld waarin ons leef.

A: Die armes en die aarde roep om hulp. O God, vul ons met u krag en lig, help ons om alle lewende te beskerm, om saam te werk aan 'n beter toekoms en vir die koms van u koninkryk.

2. Gebede uit ons daaglikse gebedsritmes

Voorganger: Skepper en Verlosser, ons het die aarde uitgebuit vir selfsugtige redes, ons rug gedraai op die natuurlike siklusse van die lewende en vergeet dat ons U verteenwoordigers is.

**Daarom word die grond onvrugbaar,
word die lug en water vuil,
verdwyn spesies
en verloor mense hul menslikheid.
Met berou kom ons na U toe.**

Daar kan 'n oomblik van stilte volg, spontane gebed, musiek/sang van berou of die volgende belydenis. Die gebede kan op spesifieke sake fokus van lyding in die skepping in die omgewing van die gemeente (bv. renoosterstropery, waterbesoedeling, ens.)

Voorganger: Here, wees genadig.

Almal: Christus, wees genadig.

Voorganger: Here, wees genadig.

Voorbidding

Een of meer van die volgende gebede kan gebid word.

(A) Voorganger: Dit weet ons: Die aarde behoort nie aan ons nie.

Almal: Die aarde behoort aan God en so ook alle mense.

V: Dit weet ons: Ons het nie die web van die lewende geweef nie.

A: Die aarde behoort aan God en so ook alles wat asemhaal.

**V: Wat ook al met die aarde gebeur,
gebeur met die seuns en dogters van die aarde.**

A: Die aarde behoort aan God en só sal ons dit dien.

(B) Voorganger: Here, U wat vir alles sorg soos 'n Vader;

**Ons wy aan u die waters en die woude,
die grond en die lug,
die plante en die diere,
die tegnologie en die tekstiele van die wêreld.**

**Almal: Mag ons rentmeesters wees van u skepping
tot verheerliking van U
en tot die voordeel van ons nageslag.**

**(C) Voorganger: In afhanklikheid van die God van Lewe
mag ons die kosbare aarde koester:
die aarde van die Vader van die Lewe,
die aarde van die Seun van die Liefde,
die aarde van die Gees wat heilig maak.**

**In afhanklikheid van die God van Lewe
mag ons lewes vandag geseënd wees:
die seën van die Vader van die Lewe,
die seën van die Seun van die Liefde,
die seën van die Gees wat heilig maak.**

**(D) Seën: Die Here seën die hemelruim bokant ons,
die aarde onderkant ons,
sy beeld diep binne-in ons,
en die dag uitgestrek voor ons.**

Amen.